# GAP Nuus  - April 2026

Ons groet julle in die vriendelike naam van Jesus Christus, ons Verlosser en vriend. Ons deel graag hier ons persoonlike en bedieningsnuus van die afgelope paar maande.

Ons is in daardie seisoenlose tydperk van die jaar waar dit een dag somer, een dag winter en weer een dag somer is. Herfs gooi nooit anker in ons deel van die wêreld nie. Dit is ook die geestelike seisoen van afwagting. Nie vir winter of herfs nie, maar van ‛n somer waar ons harte gevul is met die warm teenwoordigheid van die Heilige Gees. Op 24 Mei vier ons die geboorte van die die Nuwe Testamentiese Kerk, en verootmoedig ons, ons weer voor die Here om Hom te vertrou dat Hy in hierdie seisoen Sy grootste maatemmer sal vol maak met Sy teenwoordigheid om oor ons uit te giet!

Pinkster beteken 50 en is ‛n heenwyse na die 50 dae tydperk tussen Jesus se kruisiging en die dag toe 3000 Jode bymekaar was om na die eerste preek in die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese Kerk te luister. Petrus was op sy stukke en het almal saamgevoer op ‛n reis deur die Ou Testament en die koms van Jesus, Sy kruisiging, opstanding en verheerliking soos ‛n ryp granaat oopgebreek. Hulle was *diep getref* en het entoesiasties vir Petrus gevra, wat maak ons nou? Petrus se antwoord was op die punt af en gee hy hulle die bloudruk na die weg van saligheid. Ons lees: “Toe antwoord Petrus hulle: Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.” Petrus onderskryf die bloudruk met die volgende belofte: “Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.”

Die reaksie was oorweldigend en skielik na baie teleurstellings blom Petrus se CV. 3000 Mense kom tot bekering en word hulle gevul met die Heilige Gees! Die huisreëls word herskryf, wonderwerke word deel van die daaglikse roetine en die lidmaatregister moet daagliks opgedateer word. Dit is teen die agtergrond van die gebeure dat ons weer ons oë rig op die belofte wat God gegee het vir ons, ons kinders en vir almal wat daar ver is, en wat Hy na Hom toe sal roep! Later meer hieroor.

**Persoonlike Nuus**

Ons kon tydens die kort vakansie weer ‛n paar dae by Eldi in Kimberley deurbring en was dit lekker om saam te kuier, te reflekteer, te eet, te bid, in die veld te stap en te sien hoe die son opkom en weer gaan lê oor die uitgestrekte vlaktes van die Noord-Kaap. Eldi het ook verlof gehad en kon ons die Vaal-Rivier se kronkels volg tot by Douglas en ook by die “Woodlands Hills Equestrian Centre” op Bloemfontein ‛n draai maak. Sy help kinders daar hoe om bo-op ‛n perd te bly, en die perde hoe om onder die kinders te bly. Vir die wat gereeld vra hoe dit gaan, baie dankie, dit gaan goed met haar en sy hanteer al die

verantwoordelikhede en emosioneel af dae met soveel moed en deursettings vermoë!

Eerskomende naweek is Hugenote Kollege, ons alma mater, se reunie vir die studente wat daar was in die middel-tagtigerjare. Ons beplan om dit by te woon en ‛n draai by Pieter, Megan en Joah, wat binnekort ‛n jaar word, te maak op Somerset-Wes. Ons sal ook weer vinnig stop op George by Pierre se ma in die versorgings afdeling van Groenkloof Aftree-Oord. Ons verlang, mis hulle, en wens ons was nader aan almal, maar ons is dankbaar almal is binne reikafstand.

**Bedienings Nuus**

Die konsep plan vir die Gumdale Kampeerterrein en Konferensie Sentrum is opgedateer en is beskikbaar in ‛n pdf blaaijie vir die wat belangstel. Dit is nogal indrukwekkend en dieselfde tyd oorweldigend. Ons behoort ook hierdie week te hoor hoe die hersonerings-aansoek vorder. Al die studies wat deel is van die aansoek is afgehandel. Die handelsmerk kry ook al hoe meer vorm. Ons hou van die embleem van die arend in vlug. Dit was een van die ikoniese elemente wat deel was van die beloftes en profesieë oor baie jare.

Terug by Pinkster. Na ‛n baie lang wag vir die regte geleentheid beplan ons ‛n gesamentlike gebedsbyeenkoms op Pinkster Sondag, 24e Mei. Ds Llewellyn Oliver van Moedergemeente het goedgunstiglik ingestem dat hulle as gasheer optree vir die geleentheid. Verskeie kerke van oor die hele spektrum is deel van die program en het Waypoint in PE ingestem om die lofprysing te lei. Die program begin 15h00 en duur tot 17h00. Ons beplan ook 10 dae van gebed vanaf 14 tot 24 Mei en “Boiler Rooms” vir die jongmense die Vrydag-aande tydens die 10 dae. Die tema is dan ook Handelinge 2:39 “Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.” In kort, “Die Belofte”. Ons nooi almal graag uit om deel te wees van die geleentheid. Hou maar net al die groepe en persoonlike uitnodigings dop!

Ek het nie Heartlines se pas afgelope jaarlikse retraite, wat die jaar heelwat langer was, bygewoon nie, maar ek is steeds vanaf die kantlyn betrokke met die reëlings vir hulle werkswinkel op die 8e en 9e Mei in Port Elizabeth. Vrydag se “What’s Your Story?” werkswinkel is ‛n hulpmiddel hoe om jou eie storie te gebruik om brue en verhoudings met ander te bou, en Saterdag se werkswinkel gaan oor vaderskap, of te wel, “Fathers Matter”. Belangstellendes kan my gerus kontak.

Baie dankie vir jou saamstap, saambid en ondersteuning. Ons waardeer dit!

Blessings!
Pierre en Sugnét
Pierre Sel: 0833703592
Sugnét Sel: 0834014517
https://www.goandproclaim.co.za/